Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

26 Oktober 2022
Nuusbrief No 36

Liewe Ouers,
Dit is lekker om te kan sê dat die kinders soos voëltjies in 'n nessie hulle vlerkies begin toets. Mens kan sien dat hulle baie meer waaghouding aan die dag lê en begin gereed maak vir die groot sprong na die volgende jaargroep. Ons neem dit waar met swaar harte want ons tyd saam raak min. U sal eersdaags verneem waar u kind geplaas word vir die volgende jaar, ons moet net nog 'n paar reëlings in plek kry.

Personeel:

- Baie geluk aan ons Lammetjieklas se assistent, tannie Lily wat gister verjaar het.
- Mag jy 'n mooi en 'n geseënde jaar ervaar, Lily.

"Petting Zoo" Instappie: Vrydag 28 Oktober 2022: Projekkode P767:

- Farm Corner besoek al ons kleuters Vrydag. Ons sien baie uit daarna om die prettige plaasdiertjies te ontmoet.
- **Trek asseblief jou Parkielandhempie aan en wys vir al die diertjies jy is 'n trotse Parkie!**

Hasie- en Eendjieklasse Koekverkoping: Donderdag 3 November 2022:

- "Kersfees in November!"... Kom ondersteun ons by die koektafels van 7:00 tot 8:30 en weer van 12:30 tot 13:30.
- Dankie aan die Hasie- en Eendjieklasse wat dit reël en die eetgoed skenk.
- U is welkom om kontant te betaal, met d6, of om 'n kaartbetaling via 'n beskikbare YOCO masjientjie te maak. Indien u met d6 betaal, moet u net vooraf geld in u d6 beursie laai en die betaling is so maklik soos om die QR Kode te skandeer en die bedrag oor te plaas.
- Die kinders kan weer R5 of R10 saambring en die personeel sal hulle vanaf 8:30 na die koekverkoping neem om ietsie te koop wat hulle na verversingstyd kan geniet.
- Neem asseblief alle ander verkope huis toe vir die naweek.
- Kom koop ietsie by ons Kersmark!

Kaskar & Gladiatordag: Vrydag 4 November 2022:

- Nog 'n pretaktiwiteit wat vir al ons kleuters en peuters voorlê, is die jaarlikse Kaskardag op Vrydag 4 November.
- Die Laerskool stel kaskarre beskikbaar waarop ons kleuters die hele oggend na hartelus kan ry op 'n baan spesiaal vir hulle uitgelê, sodat hulle kan deel hê aan die pret wat vir die Laerskool aangebied word. Daar is 'n afgebakende area met die Junior Gladiatorbane (Springkastele) en kaskarre, spesiaal vir die kleintjies.
- Die kostes beloop **R50 per kind.**
- **Onthou asseblief om die betalings per EFT of d6 oor te betaal. Gebruik u kind se familiekode as verwysing, tesame met die Projeknommer 779.**

- Handig asseblief die bewys van betaling by die klasonderwyseres in **nie later nie as Dinsdag 1 November.**

Gedagte vir die week:
"Dit wat ouers op die hart van hul kinders skryf, kan die hand van die wêreld nooit uitvee nie."

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥BID♥VIR♥MEKAAR♥